

Kruispad e-tydskrif Junie 2021

Alles wat ek het behoort aan die Here!

'n Groot deel van ons dag-tot-dag het met geld te doen. Op 'n sekere ouderdom moet jy self begin geld verdien, maar voor dit "kos" jy ook geld! So begin ons met finansiële besluite en vrae: Het ek genoeg geld oor vir die res van die maand? Moet ek hierdie of daardie koop? Moet ek eerder spaar vir eendag, of kan ek maar nog iets koop? Moet ek van my geld vir die armes gee?

As Christene moet ons al ons vrae en bekommernisse na die Here toe vat en kan ons riglyne in die Bybel kry. Wanneer ons oor finansies praat vanuit 'n geloofsperspektief kan ons nie anders as om oor rentmeesterskap te praat nie. Dit bring ons by die belangrikste besef wat ons oor ons geld moet hê: Niks daarvan behoort aan jou nie. Alles wat ons het behoort aan die Here! Dit maak dat mens anders oor jou geld begin dink; jy bestuur dit alleenlik vir die Here. Dáárom moet jy jou geld gebruik om eer aan Hom te bring.

[In hierdie maand se Kruispad e-tydskrif](#) het ons antwoorde uit die Bybel gaan soek vir die mees algemene vrae rondom finansies en hoe jy daarmee moet omgaan. As jy nog vrae het, kan jy gerus vir ons 'n [e-pos stuur](#).

Tot volgende maand,
Die *Kruispad*-redaksie

Wanneer liefde vir geld geldgierigheid word

Weet jy hoe jy as Christen geld en rykdom moet hanteer? Só moet ons waak daarteen om van geld 'n afgod te maak. [Lees die artikel hier](#).

Is jy bekommerd oor die regte dinge?

In Matteus en Lukas kry ons die bevel om ons nie oor aardse dinge te bekommer nie. [Lees hier](#) hoe ons eerder na die koninkryk van die Here moet soek – dan sal die Here ons ryklik seën – na liggaam én siel.

Só het die gee van 'n tiende begin

Weet jy hoe die tiende ontstaan het? [Lees meer](#) oor tiendes en dankoffers in die Ou en Nuwe Testament en kry riglyne vir hoe jy moet gee.

Riglyne vir hoe om barmhartigheid te wys

Is jy onseker oor hoekom ons gee en hoe ons moet gee? [Lees hier](#) oor die twee beginsels waarvolgens ons moet gee: nabyheid en noodsaaklikheid.

Wat beteken dit dat ek 'n rentmeester is?

Alles wat ons het, het ons van die Here af ontvang. [Lees hier](#) hoe ons as rentmeesters 'n lewe van dankbaarheid teenoor die Here moet leef.

Mag 'n Christen met vrymoedigheid versekering hê?

Wanneer dit gaan oor versekering en geloof, kom dié vraag: Beteken dit dat ek nie genoeg op die Here vertrou as ek versekering het nie? [Kry hier](#) riglyne uit die Bybel dat ons beter kan verstaan.

Hoekom gaan dit goed met ongelowiges?

Soms wonder ons soos Jeremia waarom die pad van die goddeloses voorspoedig is. Ons leer uit Psalm 73 hoekom die voorspoed van die gelowige ewig is, terwyl die goddelose se voorspoed gou verbygaan. [Lees hier](#).

Wat leer ons uit die gelykenis van die muntstukke?

Dié muntstukke verwys na die gawes wat ons ontvang het. [Oordink in hierdie Bybelstudie](#) die gelykenis en hoe jy jou gawes kan gebruik om 'n goeie rentmeester te wees.